Munisipaliteit in bek geruk

Beeld 5 Aug 2017 +25 more Linette Retief



Peter Livanos, besturende direkteur van Municipal Debt Specialist, nooi lesers uit om by hom aan te klop om hulp.

Duisende nuwe huiseienaars het sedert 2013 met groot afwagting by hul nuwe eiendomme ingetrek. Toe word hulle platgeslaan deur 'n waninterpretasie van 'n hofuitspraak wat daartoe gelei het dat munisipaliteite hul mag misbruik.

Hulle het dit gedoen deur, onder meer, elektrisiteit af te sny, nuwe eienaars te dwing om skulderkennings te onderteken en geweier het om nuwe verbruikersooreenkomste aan te gaan voordat die vorige eienaar se skuld betaal is.

Nêrens in enige wet wat verband hou met munisipale stelsels word munisipaliteite toegelaat om dit te doen nie.

So het sommige verbruikers al duisende of tienduisende verloor, ander honderdduisende of selfs miljoene.

Een van die ongelukkige verloorders was Peter Livanos, besturende direkteur van New Ventures Properties.

Hy het R7 miljoen se munisipale skuld geërf wat nie vooraf openbaar gemaak is by die veilings waar hy 'n aantal eiendomme gekoop het nie.

Hy het egter nie in sak en as gaan sit nie.

Hy het die geleentheid gebruik om 'n maatskappy, New Ventures Consulting & Services, op die been te bring.

Die doel van die maatskappy, wat onlangs hernoem is as Municipal Debt Specialist, is om ander eiendomseienaars wat hulself in dieselfde penarie bevind, te help.

Tot op hede het Livanos reeds bykans 'n miljard rand vir sy kliënte gespaar.

Hy nooi alle Beeld- en Huisgids-lesers in die Tshwane-, Ekurhuleni- en Johannesburg-munisipaliteit wat besig is om hul eiendomme te verkoop en gepootjie word . deur hoë klaringsyfers (munisipale skuld), om van sy dienste gebruik te maak.

Die beste ding omtrent die diens en besigheidsmodel, sê hy, is dat daar hoegenaamd geen vooraf of ekstra koste verbonde is vir die kliënt nie.

"Ons verhaal ons geld uit die besparings," verduidelik hy.

Livanos het die afgelope paar jaar nóg enorme waarde tot Municipal Debt Specialist se dienste toegevoeg deur saam te span met 'n oorbruggingsfinansieringsmaatskappy wat uitstaande skuld aan munisipaliteite kan finansier.

"Om alles te kroon, sal daar dikwels ook nie ekstra koste by die oorbruggingsfinansiering betrokke wees nie.

"Die koste daarvan word gewoo verhaal uit die besparings wat ons ske sê hy.

Vir meer inligting omtrent Munici Debt Specialist se dienste, asook die tergrond omtrent die munisipale sku dilemma, skakel 011 453 2365, e-pos ter@ livanosgroup.co.za of bes www.municipaldebt.co.za

MDS

MUNICIPAL DEBT SPECIALIST

Nêrens in enige wet wat verband hou met munisipale stelsels word munisipaliteite toegelaat om dit te doen nie.

Beeld

Jou wêreld, Jou koerant

MUNICIPAL DEBT SPECIALIST | www.municipaldebt.co.za | NEW VENTURES CONSULTING & SERVICES